basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSRIGLYNE 2015 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 5

## Inleiding

Die 2015-siklus van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA 2015) sal plaasvind in alle publieke en aanbevole onafhanklike skole[1] vanaf 15 tot 18 September 2015. Gedurende die periode sal alle leerders in Grade 4-9 op nasionale vlak vooropgestelde toetse in Huistaal en Wiskunde skryf. Die uitslae sal gebruik word om progressie te monitor teenoor die doelwitte wat daargestel is soos uiteengesit in die *Plan van Aksie 2015, Verwesenliking van Onderwys 2025.*

Die JNA toetse word in die derde kwartaal geskryf, daarom het Die Departement van Basiese Onderwys (DBE) assesseringsriglyne ontwikkel vir elke graad en vak (Huistaal en Wiskunde) wat die minimum kurrikuluminhoud uitlig wat onderrig moet word voor die skryf van die toetse. Die assesseringsriglyne definieer die omvang van die werk wat gedek word in die toetse vir elke graad en vak.

Die JNA 2015 Assesseringsriglyne is ontwerp in lyn met die kurrikulum verklaring wat in die fase geïmplimenteer is.

## INTERMEDîERE FASE

In Graad 4-6, sal die toetse die werk dek wat voorgeskryf is vir die eerste drie-kwartale van die skooljaar. Vir hierdie grade is die Assesseringsriglyne in drie kolomme en rye verdeel: Vaardighede; Inhoud; en Spesifieke Vaardighede.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die JNA 2015 Assesseringsriglyne nie impliseer dat die afgebakende werk al is wat gedurende die skooljaar onderrig en aangeleer moet word nie. Derhalwe, voorsien die Assesseringsriglyne die mininum vereistes wat gedek moet word aan die einde van die derde kwartaal.

Onderwysers word versoek om hierdie Assesseringsriglyne saam met ander bronne te gebruik vir hulle onderrig en assesseringsprogramme

**1 “Onafhanklike” skole is die skole wat aansoek gedoen het en hulle Graad 3 en 6 leerders geregistreer het om die JNA te skryf vir versekerde waarborg vir Staatsubsidie.**

| Vaardighede | Inhoud | Strategieë en sub-vaardighede |
|---|---|---|
| Lees en Kyk | Inligtingsteks bv. (advertensie, boek- of rolprentresensies, inhoudsbladsy, koerantartikel, tabel, kaart ) | **Gebruik lees strategieë:**<br>- Verstaan die teks<br>- Vluglees en soeklees (leesbegrip)<br><br>• **Kenmerke van teks**<br>- Kennis van titels<br><br>• **Teks strukture:**<br>- Lys, sekwensiële order, beskrywings, prosedures, Hoof- en ondersteunende en narratiewe volgorde<br><br>• **Teks inhoud:**<br>- Maak afleidings: oorsaak en gevolg<br>- Gee eie opinie met rede.<br>- Identifiseer die hoof idee.<br>- Opsom van hoof- en ondersteunende idees. |

| | | |
|---|---|---|
| **Lees en Kyk** | Poësie | • **Poësie:**<br><br>- Identifiseer die tema.<br>- Beeldspraak, ritme en rym<br>- Letterlike en figuurlik.<br>- Woord keuse en emosionele reaksie |

| | | |
|---|---|---|
| **Taalstrukture en Konvensies** | Die inhoud wat gedek moet word, word gevind in die strategieë en sub-strategieë kolom. Daar word verwag dat leerders taalstrukture en konvensies kan toepas, identifiseer en verstaan in konteks. Leerder moet ook die leer om die reëls toe te pas. | • **Tye:**<br>- Ontwikkel tye wat in Grondslag Fase gebruik was: teenwoordige tyd, toekomende tyd en verlede tyd.<br>- Toepaslike gebruik van tye. |
| | | • **Naamwoorde:**<br>- Gebruik geslag-vorme van seker naamwoorde.<br>- Gebruik van selfstandige naamwoorde<br><br>• **Voornaamwoorde:** |

| | | |
|---|---|---|
| | | - Gebruik van persoonlike voornaamwoorde.<br>- Gebruik van besitlike voornaamwoorde.<br><br>• **Byvoeglike naamwoorde:**<br>- Gebruik van trappe van vergelyking<br><br>• **Werkwoorde:**<br>- Korrekte gebruik van werkwoorde<br>.<br>• **Voorsetsels:**<br>- Wat posisie aandui.<br>- Wat rigting aandui.<br><br>• **Voegwoorde:**<br>- Gebruik van voegwoorde om twee sinne te verbind.<br><br>• **Hulpwerkwoorde:**<br>- Begin hulpwerkwoorde gebruik<br>- Hulpwerkwoord van tyd. |
| | | • **Sinskonstruksie:**<br>- Skryf eenvoudige sinne.<br>- Gebruik negatiewe vorme.<br>- Vorm vrae.<br><br>• **Woordeskat:**<br>Verstaan en gebruik van:<br><br>- Sinonieme (woorde met dieselfde betekenis)<br>- Antonieme (woorde met teenoorgestelde betekenis) |

| | | |
|---|---|---|
| | | **Identifiseer woordbou:**<br>- Voorvoegsels en agtervoegsels |
| | | • **Punktuasie:**<br>- Hoofletter, kommas, punte en vraagtekens<br>- Gebruik van hoofletter vir Eiename.<br><br>• **Spelreëls:**<br>- Toepaslike gebruik van spelreëls |

| | | |
|---|---|---|
| **Skryf en Aanbied** | Skryf van woorde, sinne en paragrawe<br><br>• **Kreatiewe skryfwerk**<br>- Beskrywings van mense, diere, plekke, plante, voorwerpe, ens. | **Pre-skryf/beplanning**<br>• Teiken groep/gehoor.<br>• Skryfstyl.<br>• Dinkskrum – gebruik van kop kaarte<br>• Organiseer idees<br><br>**Rofwerk**<br>• Woordkeuse relevant t.o.v. onderwerp<br>• Sin struktuur<br>• Hoof- en ondersteunende idees<br>• Spesifieke kenmerke – Direkte en indirekte rede<br>• Lees eie skryfwerk krities<br><br>**Redigeer en aanbied:**<br>• **Redigeer** – verbeter inhoud en idees. Verbeter |

| | | |
|---|---|---|
| | | foute (taal en spel). Verbeter sin en paragraaf struktuur<br>• **Aanbied –** Netjies en leesbaar |